Die UIThaler voordele van

OUT SURANCE

HELP@OUT

WAAR JY ALTYD IETS UITKRY

Noodbystand wanneer jy dit nodig het 24 uur per dag, 7 dae per week.

Wat is 'n noodgeval?
'n Noodgeval is 'n situasie wat lewens in gevaar kan stel of tot 'n verhoogde finansiële verlies kan aanleiding gee indien daar nie stappe aangewend word om die noodgeval op te hef nie.

Ons gaan UIT ons pad om jou by te staan met HELP@OUT. Wanneer jy dus hulp nodig het vir noodgevalle op die pad, tuis of selfs vir mediese of regsdoeleindes, haal ons UIT en wys met HELP@OUT.
Bel net **08 600 80 000**.

Pad/Tuisbystand is nie gedek onder **Essential** dekking nie.

Lid van die FirstRand/RABB Groep en Gemagtigde Verskaffer van Finansiële Dienste

UIThaler inligting omtrent PADBYSTAND

Padbystand is van toepassing op elke voertuig (met 'n massa van minder as 3500kg), soos aangedui op jou skedule. Jy word gedek vir enige van die noodgevalle gelys onder **Wat word gedek**.
Die volgende jaarlikse limiete is van toepassing per voertuig:

· R5000.00 en 'n maksimum van twee insidente.

Wat word gedek	Limiet
• Onklaarraking van voertuig (ongelukke uitgesluit): insleep na naaste diensverskaffer of plek van veilige bewaring.	Insleepkoste Die aanvanklike insleepkoste is gedek. Geen addisionele insleepkostes is gedek nie.
• Veilige berging van jou voertuig	R400
• Pap band • Pap battery • Sleutels in motor toegesluit	UITroep + 1 uur arbeid
• Brandstof op	UITroep + 10 l brandstof
As jy sonder vervoer meer as 50 km van die huis af is...	
• Hotelverblyf of alternatiewe vervoer	R400
• Terugbring van jou voertuig	R400

· Die koste van materiaal, parte en addisionele arbeid is nie ingesluit nie.

UIThaler inligting omtrent TUIS- en KANTOORBYSTAND

Tuisbystand is van toepassing indien jou huisinhoud of jou gebou by ons gedek is en aangedui is op jou skedule. Jy word gedek vir enige van die noodgevalle gelys onder **Wat word gedek**.
Die volgende jaarlikse limiete is van toepassing op elke verskillende adres aangedui op jou skedule.

· R5000.00 en 'n maksimum van twee insidente.

Wat word gedek	Limiet
• Slotmakers • Elektrisiëns • Loodgieters • Boomafkappers • Byeverwyderaars • Bouers • Glasmakers	UITroep + 1 uur arbeid
• Sekuriteit	UITroep + 12 uur skof
Verwysingsdienste	
Openbare Nooddienste • Verwittiging aan die SAPS, Verkeers-, Ambulans- en Brandweerdienste	
Huishoudelike toestelle • Verwysing na diensverskaffers vir die herstel en onderhoud van huishoudelike toestelle	

Die koste van materiaal, parte en addisionele arbeid is nie ingesluit nie.

Verwysingsdienste: HELP@OUT is nog steeds beskikbaar aan jou wanneer jou jaarlikse limiete oorskry is. Enige kostes vir die dienste gelewer na die limiet oorskry is is betaalbaar deur jou.

Uithaler inligting omtrent MEDIESE en REGSBYSTAND

Hierdie dekking is opsioneel en 'n addisionele premie word gehef. Dit is 'n foonadviesdiens wat jou oral in Suid-Afrika vir enige van die volgende dienste dek:

Wat word onder Mediese Noodbystand gedek

- Advies vir enige mediese/trauma-noodgeval
- Verwysings na mediese praktisyns & fasiliteite
- Terugbetaalbare hospitaaltoelatingsdeposito tot R5 000
- Mediese noodreaksie en -vervoer (vervoer tussen hospitale uitgesluit)
- Stuur van dokter en/of noodsaaklike medisyne
- Begeleide terugkeer van minderjariges

Wat word gedek onder Regsbystand

- Telefoniese Regsadvies en -bystand met regsdokumentasie bv. Testamente en Kontrakte

Wat word onder Trauma en MIV-sorg gedek

- Telefoniese berading en -ondersteuning asook 3 persoonlike beradingsessies per voorval.

MIV

- Bloedtoetse - ten tye van voorval, 6 weke en 3 maande.
- 3-dag beginnerspak van anti-retrovirale behandeling.
- Medikasie teen Seksuele Oordraagbare Siektes